

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

HANDELSREG SG

POSSIBLE ANSWERS / MOONTLIKE ANTWOORDE SUPP 2007

VRAAG 1

- 1.1.1 Vennootskap deur gedrag
- 1.1.2 Verteenwoordigheidsbevoegdheid
- 1.1.3 Vennootskapspolis
- 1.1.4 Beperk
- 1.1.5 Maatskappy beperk deur garansie
- 1.1.6 Akte van Oprigting en Statuut
- 1.1.7 Tabel A
- 1.1.8 Sertifikaat van Inlywing
- 1.1.9 Prospektus
- 1.1.10 Lederegister
- 1.1.11 Prima facie
- 1.1.12 Stigtingsverklaring
- 1.1.13 Redelike huur
- 1.1.14 Delegatus non potest delegare
- 1.1.15 Faktor
- 1.1.16 Eiendomsagent
- 1.1.17 Agterborg
- 1.1.18 Beneficium excussionis
- 1.1.19 Verband
- 1.1.20 Sekwestrasie
- 1.1.21 Vermoënstaat
- 1.1.22 Kurator
- 1.1.23 Eksekuteur
- 1.1.24 Intestaat
- 1.1.25 Tjek

25x2=(50)

VRAAG 2

VENNOOTSKAPPE/VERHANDELBARE DOKUMENTE

- 2.1
- 2.1.1 K. Cook (2)
- 2.1.2 J. Nel (2)
- 2.1.3 Golden Bank (2)
- 2.1.4 Toondertjek (2)
- 2.1.5 Spesiale of besondere kruising (2)
- 2.1.6 Nee
- ? Nie geteken nie
- ? Bedrag in woorde en syfers verskil
- Vooruitgedateer (6)

2.2

2.2.1 Waar ü ü

2.2.3 Onwaar ü ü -- Gewone vennoot ü

2.2.2 Onwaar ü ü --- nie geregtig ü

2.2.4 Waar ü ü

op vergoeding / slegs geregtig indien vooraf ooreengekom

(10)

2.3

2.3.1 Stille / Naamlose / Rustende

(2)

2.3.2 **DIE REGTE V.D. VENNOTE**

* Die reg op winsdeling

* Die reg op beheer/bestuur

* Die reg op vergoeding

* Die reg op deelname by die verdeling van bates by ontbinding van vennootskap

* Die reg op insae in die boeke van die vennootskap 4x2=(8)

2.3.3 **DIE REDES VIR DIE ONTBINDING VAN VENNOOTSKAPPE**

- Gesamentlik ooreenkoms (wanneer vennote ooreenkom dat hulle genoeg bevrediging uit hul onderneming gehad het).
- Verstryking van tydperk (wanneer die vennootskap slegs aangegaan is vir ? bepaalde tydperk) bv. twee jaar.
- Verwesening van die doel (om bv. ? gebou op te rig).
- Dood van een of meer van die vennote (ontbind die vennootskap).
- Verandering in lidmaatskap (wanneer ? vennoot uittree of ? nuwe vennoot bykom, verander die eenheid en moet die vennootskap ontbind).
- Sekwestrasie (as hof ? boedel van ? vennoot sekwestreer, word die boedel van die vennootskap ook gesekwestreer).
- Kennisgewing van uittrede (moet binne ? redelike tyd, skriftelik of mondelings geskied).
- Maksimum toelaatbare ledetal word oorskry (nie meer as 20 lede nie, uitgesonder professionele persone).
- Uitbreek van oorlog (wanneer een vennoot hom as vyandsonderdaan bevind).
- Op bevel van die hof

3x2=(6)

2.3.4 **? Skriftelike vennootskapsooreenkoms maak voorsiening vir die volgende:**

- * Naam van die vennootskap
- * Die aard van die vennootskap / besigheid
- * Die tydperk waarvoor dit aangegaan word
- * Rente op kapitaal en onttrekkings
- * Verdeling van winste en verliese
- * Die bestuur en gesag van vennote
- * Wie verantwoordelik vir die teken van tjeks is
- * Prosedure by ontbinding (dood of uittrede) van die vennootskap
- * Salarisse en bonusse aan vennote
- * Bydrae van elke vennoot
- * Gemagtigde onttrekkings
- * Skikking van geskille tussen vennote.

4x2=(8)
[50]

VRAAG 3 MAATSKAPPYWET

3.1

3.1.1 C

3.1.2 B

3.1.3 B

3x2=(6)

3.2

PUBLIEKE MAATSKAPPY		PRIVATE MAATSKAPPY	
1.	Sewe tot maksimum getal aandeelhouders (bepaal deur ü uitgereikte kapitaal)	1.	Een tot vyftig lede P
2.	Aandele aan publiek verkoop ü	2.	Aandele nie aan publiek verkoop nie – ü slegs lede
3.	Reik ? prospektus uit ü	3.	Reik nie ? prospektus uit nie ü
4.	Naam eindig met “Bpk”	4.	Naam eindig met “Eiendoms Beperk”
5.	Aandele vrylik oordraagbaar	5.	Oordrag van aandele word in die statuut beperk
6.	Twee direkteure	6.	Een direkteur

(6)

3.3 **OOREENKOMSTE – MAATSKAPPY + NATUURLIKE PERSOON**

- * Beide het regspersoonlikheid (draer van regte en verpligtinge)
- * Beide kan eiendom koop en verkoop
- * Beide is bevoeg om wetlike regte te verkry en wetlike verpligtinge te aanvaar
- * Beide kan kontrakte sluit.

2x2=(4)

3.4 **PROMOTORS is verantwoordelik vir die volgende:**

- Voorbereiding van die Akte van Oprigting
- Voorbereiding van die statute en ander wetlike dokumente
- Benoeming van direkteure
- Verkryging van kapitaal
- Uitreiking van die prospektus in die geval van ? publieke maatskappy
- Bewys van betaling van registrasiegeld

3x2=(6)

3.5 **DOKUMENTE BY REGISTRASIE**

- * Die oorspronklike Akte van Oprigting en twee gewaarmerkte afskrifte
- * Die oorspronklike statute en twee gewaarmerkte afskrifte
- * ? Kennisgewing van die geregistreerde kantoor, asook die posadres
- * Skriftelike toestemming van die direkteure om as direkteure op te tree
- * Skriftelike toestemming van die ouditeur dat hy as ouditeur sal optree
- * ? Bewys van die betaling van registrasiegelde
- * ? Bewys van die betaling van jaargelde
- * Toestemming aan ? persoon om die dokumente by die registrateur in te dien, ingeval die ondertekenaars dit nie self kan doen nie.

4x2=(8)

3.6

3.6.1 **FORMELE VEREISTES BETREFFENDE DIE NAAM**

- Die naam moet geregistreer word.
- Die naam van ? private mpy. eindig met (Edms.) Beperk, die publieke mpy. met Beperk en die mpy sonder aandeelkapitaal met “Beperk deur garansie”.
- Die naam van ? mpy mag nie dieselfde wees as dié van ? reeds bestaande mpy nie.
- Die naam mag verkort/vertaal word.
- Die registrateur kan weier om ? naam te registreer indien die naam onwenslik is.
- Die naam moet uit minstens drie letters van die alfabet bestaan.
- Woorde soos regering/staat/ mag nie in die naam voorkom nie sonder toestemming van die Staatspresident nie.
- Die woord “hotel” met betrekking tot eiendom waar verblyf verskaf word, is verbode tensy die eiendom vir daardie doel geregistreer is.
- Woorde soos “Bank” mag nie gebruik word sonder toestemming van die Minister van Finansies nie
- Die naam mag nie die publiek mislei in verband met die aard van die besigheid/aktiwiteite nie
- Die registrateur van ? maatskappy verbied om te registreer as die naam teen morele standaarde is of aanstoot sal gee.

4x2=(8)

3.6.2 **RESERVERING VAN 'N NAAM**

- Die registrateur mag op skriftelike aansoek en
- teen betaling van ? bedrag geld die naam van ? mpy
- vir ? tydperk van twee maande reserveer.
- Skriftelike aansoek vir die verkorting/vertaling van die naam moet ook ingedien word.

2x2=(4)

3.6.3 **VERTOON VAN NAAM**

- Die geregistreerde naam moet op ? opsigtelike plek buite die kantoor,
- in leesbare vorm vertoon word.
- Die naam moet ook op alle briewe, fakture en dokumente gebruik word.

2x2=(4)

3.7 **GEVOLGE VAN ONWARE VERKLARINGS IN DIE PROSPEKTUS**

- * Die volgende persone is skuldig:
 - Elke promotor van die maatskappy
 - Elke persoon wat toestemming gegee het vir die uitreiking
 - Elke direkteur van die maatskappy
- * ? Persoon wat aandele gekoop het, kan die maatskappy verantwoordelik hou vir die kansellering van die ooreenkoms; en
- * vir die terugbetaling van die gelde wat betaal is vir die aandele.

2x2=(4)
[50]

VRAAG 4

BESLOTE KORPORASIE/RETENSIEREG

4.1

4.1.1 Skuldenaar- en skuldeiserretensiereg 4.1.3 Bergingsretensiereg

4.1.2 Skuldenaar- en skuldeiserretensiereg 4.1.4 Verbeteringsretensiereg 4x2=(8)

4.2 **GEVALLE WAAR DIE SKULDEISER NIE RETENSIEREG VERLOOR NIE**

- As die saak op ongeoorloofde wyse, byvoorbeeld deur diefstal, uit die skuldeiser se besit geneem word.
- As die saak aan ? insolvente persoon se kurator gegee word.
- As die saak as ? prima facie-bewysstuk in die hof gebruik word. 3x2=(6)

4.3

4.3.1 Ja ü --- Sleutel ü is genoegsame bewys van besit

4.3.2 Ja ü --- Erf ü is omhein

4.3.3 Nee ü --- Goed vrywilliglik uit sy besit laat gaan P 3x2=(6)

4.4 **WETLIKE GEVOLGE VAN RETENSIEREG**

- ? Retensiereg is ? reg om die saak van ? ander waarop daar uitgawes aangegaan is te behou totdat daar vir die uitgawes betaal is.
- Retensiereg kan slegs gebruik word as verdediging teen ? eis om teruglewering van die saak.
- Die hof sal teruglewering gelas op voorwaarde dat die eienaar die skuldeiser vergoed vir werklike uitgawes wat aangegaan is.
- As die bedrag wat die retensie hou e eis, betwis word deur die eienaar van goedere is geregtelike stappe nodig om die bedrag te bepaal. 2x2=(4)

4.5 **UITSTAANDE KENMERKE VAN 'N BESLOTE KORPORASIE**

- * Die BK is geskik vir klein tot medium-groot ondernemings.
- * ? BK het lede, nie aandeelhouers nie.
- * Die ledetal wissel van 1 tot 10 lede.
- * Die naam van die Beslote Korporasie eindig met die letter "BK" of "CC".
- * ? Beslote Korporasie het ? onbepaalde voortbestaan.
- * ? Stigtingsverklaring word met die totstandkoming van die BK geregistreer by die Registrateur van Beslote Korporasies.
- * Die interne verhoudings tussen lede kan in ? samewerkingsooreenkoms gereël word.
- * Lede het ? belang (%) in die BK en nie aandele nie. Die gesamentlike belang van al die lede is gelyk aan 100 persent.
- * ? BK is ? regspersoon.
- * ? Maatskappy kan nie ? belang in ? BK hê nie.
- * Finansiële state hoef nie geaudit te word nie.
- * Belastingkoers is dieselfde as dié van ? maatskappy. (Enige) 4x2=(8)

4.6 **REGTE VAN LEDE**

- Tensy anders gestipuleer in die samewerkingsooreenkoms, is elke lid ingevolge die Wet op die volgende geregtig:
- Om aan die bedryf van die besigheid deel te neem
- Om aan die bestuur van die BK deel te neem
- Op vergoeding vanaf die BK vir uitgawes deur hom/haar in die bedryf van die sake van die BK aangegaan
- Op die stemme volgens sy belang in die BK
- Op ? belang in die BK wat uitgedruk moet word as ? persentasie van die totale bedrag
- Aan elke lid word ? sertifikaat uitgereik waarin sy/haar belang in die BK as ? persentasie van die totale belang vermeld word.

3x2=(6)

4.7 **ONTBINDING/BEEÏNDIGING VAN 'N BK*** **DEREGISTRASIE** ü ü

Die deregistrasie van ? BK beteken die kansellering van die registrasie van die Stigtingsverklaring ü ü

Deregistrasie kan in die volgende gevalle plaasvind:

- Indien die registrator redelike gronde het om te glo dat:

- ü# die BK nie besigheid bedryf nie, of

- ü# die BK nie in werking is nie.

- Indien die lede by die registrator aansoek om deregistrasie doen omdat:

- ü# die BK opgehou het om ? besigheid te bedryf, of

- ü# die BK geen bates of laste het nie.

* **LIKWIDASIE** ü ü

Likwidasië vind plaas indien die bates van die BK onder toesig van die Meester verkoop word met die doel om sy krediteure uit die opbrengs te betaal.

6x2=(12)
[50]**VRAAG 5****HUUR EN VERHUUR VAN ONROERENDE EIENDOM**

5.1

5.1.1 Onwaar ü ü -- Verhuurder ü hoef nie die eienaar te wees nie.

5.1.2 Waar ü ü

5.1.3 Onwaar ü ü Stedelike eiendom ü

5.1.4 Waar ü ü

(10)

5.2 **VEREISTES (ESSENTIALIA) VIR HUURKONTRAKTE**

- ü ü Gespesifiseerde onroerende eiendom
- ü ü Bepaalde termyn, bv. 1 jaar
- ü ü Gespesifiseerde som geld as huur

3x2=(6)

5.3 WAAR DIE VERHUURDER VERSUIM OM TE HERSTEL

Die huurder het die volgende regsmiddele:

- Die huurder kan die nodige herstellings **aanbring** en die **koste** daarvan van die huurgeld aftrek, **mits** hy/sy die verhuurder vooraf **in kennis** gestel het van sy voorneme om dit te doen.
- Die huurder kan in verhouding ? **verlaging in die huur** vanaf die verhuurder eis.
- Die huurder kan die eiendom **ontruim** as dit ongeskik is vir die doeleindes waarvoor dit gehuur is sonder om aanspreeklik te wees vir verdere huurgeld.

3x2=(6)

5.4

5.4.1 VERBEURINGSBEDING / VERBREKINGSKLOUSULE

- Hierdeur het die verhuurder die reg om die huurkontrak te beëindig indien die huurder nie huur betaal op vervaldatum nie.
- Howe gee uitvoering aan hierdie klousule, selfs al is die gevolge onbillik teenoor die huurder, bv. Venter vs Venter.
- Die verhuurder verbeur sy reg om die kontrak te beëindig wanneer die huurgeld ontvang word of wanneer hy/sy daarvoor eis nadat die vervaldag aangebreek het.

2x2=(4)

5.4.2 HUURWET (HUURBEHUISINGTRIBUNAAL)

- Om bestendigheid van bewoning te besorg
- Om huurgeld binne perke te hou

2x2=(4)

5.4.3 STATUTÊRE HUURDER

- Sodra die huurkontrak deur tydsverloop sonder redelike kennisgewing verby is, mag die huurder ? statuêre huurder word.
- Slegs indien hy die woning persoonlik bly bewoon,
- die huurgeld bly betaal soos ooreengekom en die res van die voorwaardes van die kontrak bly nakom.

2x2=(4)

5.5 “HUUR GAAT VOOR KOOP”

- Indien die verhuurder die eiendom verkoop terwyl die huurkontrak nog nie verby is nie, kan die huurder nie benadeel word nie.
- Die koper neem die plek van die verhuurder in.
- Die nuwe koper van die eiendom is dus nou gebonde aan die huurkontrak indien die volgende voorwaardes nagekom is:
Langtermynkontrak - die huurkontrak moet geregistreer wees
Korttermynkontrak - die koper moes bewus gewees het van die bestaan van die huurkontrak.

5x2=(10)

5.6 UITSETTINGSBEVEL DEUR DIE HOF TOEGESTAAN

- * Indien die huurder materiële skade aan die perseel aangerig het
- * Indien die huurder deur sy gedrag ? oorlas vir die ander bewoners geword het
- * As die plaaslike owerheid die perseel nodig het vir ? verbeteringskema
- * Wanneer die verhuurder die eiendom nodig het vir bewoning deur homself, sy ouers of kinders
- * Die verhuurder die eiendom nodig het vir bewoning deur iemand in sy diens
- * Die huurder ingestem het om die eiendom op ? spesifieke datum te ontruim
- * Die eiendom op redelike gronde benodig word vir verbouings of rekonstruksies

3x2=(6)
[50]

VRAAG 6 AGENTSAP / BORGAP

6.1 ONTSTAAN OP VIER MANIERE:

- * Deur uitdruklike ooreenkoms
- * Deur regswerking uit die aard van die saak
- * Deur gedrag
- * Deur bekragtiging

3x2=(6)

6.2 GEVALLE WAAR DIE REG SKRIFTELIKE MAGTIGING VEREIS

1. Om geregtelike stappe in die hooggeregshof te kan doen
2. Om die oordrag van grond moontlik te kan maak
3. Om ? verband in die akteskantoor te kan registreer
4. Om grond namens die prinsipaal te kan koop of verkoop

3x2=(6)

6.3 NEGOTIORUM GESTOR

6.3.1 DEFINISIE

- Dit is wanneer ? persoon uit sy eie, sonder magtiging/opdrag,
- namens ? afwesige persoon optree
- met die doel om daardie persoon se eiendom teen beskadiging/vernietiging te beskerm.

2x2=(4)

6.3.2 VERGOEDING

- ? Negotiorum gestor is nie op vergoeding geregtig nie.
- Omdat hy/sy nie deur die eienaar as agent aangestel is nie, bestaan daar geen agentskapsooreenkoms nie.
- Hy/sy is wel geregtig om sy/haar werklike uitgawes van die eienaar te eis.

2x2=(4)

6.4

6.4.1 Makelaar

(2)

6.4.2 Del credere-agent

(2)

6.5 PLIG VAN GOEIE TROU

1. ? Agent moet al sy bekwaamhede en ondervinding tot die beskikking van die prinsipaal stel.
2. Wanneer ? agent sy/haar opdragte uitvoer, moet die belange van die prinsipaal altyd eerste gestel word.
3. Die agent mag geen winste wat hy/sy in die uitvoering van ? opdrag gemaak het sonder toestemming van die prinsipaal hou nie.
4. Hofsaak: Robinson vs. Randfontein Estates Gold Mining Company Ltd.
5. ? Agent mag onder geen omstandighede inligting wat verband hou met sy prinsipaal se sake en wat hy/sy uit kontrakte bekom tot nadeel van die prinsipaal gebruik nie.
6. ? Agent mag hom/haar ook nie in ? posisie plaas waar sy/haar belange met dié van die prinsipaal bots nie.
7. Die agent moet sy/haar eiendom apart hou van dié van die prinsipaal. Wanneer die agent toelaat dat sy/haar besittings met die van die prinsipaal deurmekaar raak, sonder om te kan bewys dat die eiendom dié van die agent is, word dit beskou asof alles aan die prinsipaal behoort.

4x2=(8)

6.6

6.6.1 skuldeiser

6.6.2 hoofskuld

6.6.3 versterk

6.6.4 skriftelik

6.6.5 onvoorwaardelik

6.6.6 sessie van aksie

6x1=(6)

6.7 KAN NIE BENEFICIUM EXCUSSIONIS EIS NIE

- Wanneer skuldenaar bankrot is
- Wanneer skuldenaar in die buiteland is en geen bates agtergelaat het waarop beslag gelê kan word nie.
- Wanneer skuldenaar beskerm word deur persoonlike verweermiddele, naamlik minderjarigheid
- Uitdruklik of stilswyend afstand doen van sy reg

3x2=(6)

6.8 BEËINDIGING VAN BORGKONTRAKTE

1. Uitwissing van hoofskuld a.g.v. betaling, verjaring, ens.
2. Verstryking van tydperk, bv. 1 jaar
3. Kennisgewing -- waarborg hom die reg voorbehou om d.m.v. kennisgewing die borgskap te beëindig
4. As skuldenaar betaling aanbied, maar die skuldeiser weier die betaling en die skuldenaar raak daarna insolvent.

3x2=(6)
[50]

VRAAG 7
PANDE EN VERBANDE

7.1

PANDE	VERBANDE
1. Roerende eiendom ü	1. Onroerende eiendom ü
2. Afgelewer P	2. Geregistreer P
3. Verval na 6 maande	3. Verval na 25-30 jaar

4x1=(4)

7.2 **FORMALITEITE → PANDE**

- Geen formaliteite word vir die ooreenkoms tot pandgewing deur die wet vereis nie.
- ? Geldige pand kom tot stand deur lewering van die roerende goedere, met ander woorde, lewering is absoluut noodsaaklik vir verpanding.
- Daarmee saam kan ? skriftelike/mondelinge ooreenkoms gesluit word.
- Die gelewerde goedere word as sekuriteit vir die skuld/verpligting gehou.
- As die verpande artikel reeds in die hande van die skuldeiser is, moet dit die bedoeling wees om die artikel as pand te gee en te hou.
- Die pandhouer moet die verpande goed skeep van sy eie eiendom. 3x2=(6)

7.3 **REGTE VAN DIE PANDHOUER**

- Geregtig op vergoeding vir enige uitgawes wat kan ontstaan.
- Die pandhouer is geregtig om die goedere te verkoop indien die skuldenaar nie sy verpligtinge nakom nie.
- Die pandhouer het ? voorkeureis uit die opbrengs by verkoping van goedere.
- Sy reg strek ook oor toevoegings tot die verpande goedere. 2x2=(4)

7.4 **SPEZIALE VERBAND OP ONROERENDE EIENDOM**

- * Volgens die Akteswet moet ? spesiale verband op onroerende eiendom geregistreer word.
- * ? Skriftelike dokument (verbandakte) moet deur ? verbanduitmaker opgestel word.
- * Inligting wat in die verbandakte moet verskyn:
 - Die eiendom onder verband
 - Rente betaalbaar
 - Datum en wyse van terugbetaling van geleende kapitaal
 - Rente wat gehef word vir wanbetaling en terugbetaling van die koopsom
- * Verbandakte moet deur die eienaar/verbanduitmaker in die teenwoordigheid van die Registrateur van Aktes onderteken word.
- * Die Registrateur van Aktes onderteken die verbandakte en bekragtig dit met ? ampseël.
- * Die verbandakte word in die kantoor van die Registrateur geregistreer.
- * Die verbandakte moet binne 2 maande nadat die skuld aangegaan is vir registrasie ingedien word. 5x2=(10)

7.5 **KUSTINGSBRIEF**

- ? Kustingsbrief word gegee deur ? koper van onroerende eiendom wat nie oor genoeg kapitaal beskik nie.
- Aan die koper/derde persoon wat die geld aan die koper voorgeskiet het om hom in staat te stel om die verkoper te betaal.
- Vir die koopprys van die eiendom of deel van die koopprys wat hy nie in kontant kon betaal nie
- Word in die teenwoordigheid van die registrateur van aktes verly (opgestel) en in die akteskantoor geregistreer.
- Dit moet gelyktydig met die registrasie van oordrag (eiendomsreg) op die naam van die koper geregistreer word.
- Die houer van ? kustingsbrief geniet voorkeur by insolvensie. 5x2=(10)

7.6

7.6.1 Dekkingsverband

7.6.2 rente

oproepingsklousule

7.6.3 Geregtelike verbande

4x1=(4)

7.7 **BEËINDIGING VAN PANDE EN VERBANDE**

- Beëindiging van hoofskuld:
 - * Wanneer hoofskuld betaal is, saam met alle rente, word die verband beëindig.
- Afstanddoening:
 - * Wanneer ? verband/pandhouer uitdruklik/stilswyend afstand doen van sy regte onder ? verband/pand, word dit beëindig.
- Vernietiging van die eiendom:
 - * ? Verband/pand word beëindig deur die totale vernietiging van die eiendom, bv. deur brand of ? aardbewing.
- Beëindiging van die verbandgewer se reg:
 - * Wanneer vruggebruik bv. beswaar is en die vruggebruik word beëindig, sal die verband ook beëindig word.
- Skuldvernuwing:
 - * Die vervanging van die oorspronklike skuld/ooreenkoms deur ? nuwe ooreenkoms
- Skuldvermenging:
 - * Dit vind plaas wanneer die verband-pandhouer die eiendom van die beswaarde eiendom verkry, bv. wanneer ? skuldeiser eienaar word van die eiendom onder verband.
- Verjaring:
 - * ? Verband verjaar na 25 jaar en ? pand na 6 maande
- Bevel van die hof:
 - * Die hof mag die verband kanselleer, byvoorbeeld waar die verbandgewer verdwyn het of as gevolg van bedrog.
- Vervreemding van die eiendom deur ? vonnis van die hof:
 - * Wanneer die eiendom onder verband deur die balju van die hof onder ? vonnis van die hof verkoop word, of wanneer die trustee dit by insolvensie van die skuldenaar verkoop, verval die verband.

4x2=(8)

7.8 **DEUR REGSWERKING**

- Retensiereg
- Huurder se hipoteek vir agterstallige huur
- Afbetalingshipoteek
- Voorkeure

2x2=(4)

[50]

VRAAG 8 INSOLVENSIE

8.1

8.1.1 ? Persoon (onderneming) is insolvent wanneer hy/sy:

- # nie verder in staat is om sy/haar skulde te betaal nie of ten volle te betaal nie.
- # of wanneer sy/haar laste die bates oorskry. 2x2=(4)

8.1.2 ? Persoon word gesekwestreer

- # in ? proses waarvolgens, op bevel van die Hooggeregshof,
- # al die bates van die insolvente persoon hom/haar ontnem word
- # en in die hande van ? kurator geplaas word. 2x2=(4)

8.1.3 ? Persoon word gelikwideer

- # wanneer die insolvente persoon se bates verkoop word op ? openbare veiling
- # om al die skuldeisers te betaal. 2x2=(4)

8.2 DADE VAN INSOLVENSIE

- As die skuldenaar die Republiek verlaat met die bedoeling om die betaling van sy skulde te **ontduik**.
- Indien ? balju **onvoldoende vervreembare eiendom** vind om aan die vonnis teen die skuldenaar te voldoen.
- Die skuldenaar sommige van sy goed **vervreem of probeer vervreem** sodat sy skuldeisers benadeel word.
- Die skuldenaar sy **goed verwyder of probeer verwyder** met die bedoeling om sy skuldeisers te benadeel.
- Wanneer die skuldenaar ? ooreenkoms met een of meer van sy/haar skuldeisers aangaan om hom/haar **heeltemal of gedeeltelik van sy/haar skulde kwyt te skeld**.
- Wanneer die skuldenaar in gebreke bly om ? volledige **vermoënstaat** in te dien.
- Wanneer die skuldenaar enigeen van sy/haar skuldeisers skriftelik kennis gee dat hy/sy **nie in staat is om sy/haar skulde te betaal nie**. Die skuldenaar moet duidelik te kenne gee dat hy/sy nie kan betaal nie.
- Die skuldenaar wat ? handelaar is kennis in die **Staatskoerant** gee dat hy/sy van plan is om sy/haar besigheid te verkoop, en daarna nie in staat is om sy/haar skulde te betaal nie. 2x2=(4)

8.3 FINALE BEVEL TOT SEKWESTRASIE

- Wanneer die skuldeisers die vereiste eis teen die skuldenaar bewys het
- Wanneer die skuldenaar inderdaad ? daad van insolvensie begaan het
- Wanneer sekwestrasie tot voordeel van al die skuldeisers sal strek 3x2=(6)

8.4 KENNISGEWING TOT SEKWESTRASIE

Die klerk van die hof moet die oorspronklike bevel aan die Meester stuur.
Moet ook ? afskrif van die bevel stuur aan:

- die balju van elke distrik waar die insolvent woon
- aan elke Registrateur van Aktes
- aan elke amptenaar wat in beheer is van ? skeepsregister by die hawe van ingang
- aan elke balju of geregsbode wat beslag lê op die eiendom van die insolvente boedel
- die insolvente skuldenaar (binne gemeenskap van goed getroud ook aan sy eggenote).

2x2=(4)

8.5 DIE AFSONDERLIKE BOEDEL VAN DIE INSOLVENT SE EGGENO(O)T(E)

Die Insolvensiewet is van toepassing op wetlik getroudes en op persone wat saamleef.

- Wanneer die boedel van een van die gades gesekwestreer word, gaan die eiendom van die solvente gade oor op die Meester tot tyd en wyl ? kurator aangestel is.
- Behalwe wanneer hy/sy kan bewys lewer van:
 - * ? voorhuwelikse kontrak.
 - * eiendom wat aan hom/haar behoort het voor die huwelik met die insolvent.
 - * eiendom wat beskerm word deur ? lewenspolis.
- Die solvente gade kan by die hof aansoek doen om tydelike vrystelling van oorgang van die bates op die kurator indien hy/sy kan bewys dat:
 - # hy/sy afsonderlik handel dryf van die insolvent.
 - # hy/sy ernstig benadeel sal word deur die onmiddellike oordrag van sy/haar eiendom.
 - # hy/sy bereid en in staat is om reëlins te tref ter beveiliging van die belange van die insolvente boedel.

5x2=(10)

8.6 PERSONE WAT ONBEVOEG IS OM AS KURATOR OP TE TREE

- * Alle insolvente persone
- * ? Minderjarige
- * Alle persone wat nie in Suid-Afrika woonagtig is nie.
- * ? Regspersoon
- * Alle aanverwante persone van die insolvent binne die derde graad
- * Iemand wat te enige tyd veroordeel is tot gevangenisstraf sonder die keuse van ? boete
- * Iemand wat deur die hof onbevoeg verklaar is om as kurator op te tree
- * Iemand wat as boekhouer of rekenmeester van die insolvent opgetree het

3x2=(6)

8.7

8.7.1 Onwaarü ü – vrye oorskotü

8.7.2 Waar ü ü

8.7.3 Onwaarü ü – rehabilitasie

(8)

[50]

VRAAG 9 TESTAMENTE

9.1 GESAMENTLIKE TESTAMENT

- # Moet deur 2 persone opgestel word.
- # Hierdie 2 persone hoef nie getroud te wees nie, hul kan bv. vennote wees.
- # ? Gesamentlike testament bestaan dus uit 2 aparte testamente wat in een dokument vervat is.
- # Hierin kan enige van die testateurs/testatrises gedurende hul leeftyd veranderings aanbring of sy/haar testament herroep sonder die kennis van sy/haar medetestateur.

1x2=(2)

WEDERKERIGE TESTAMENT

- # ? Wederkerige testament is ? gesamentlike testament waarin die testateurs mekaar oor en weer bevoordeel.
- # In die praktyk maak veral getroude persone van hierdie soort testament gebruik.
- # Hierdie testament mag nie gewysig of herroep word sonder die skriftelike toestemming van die medetestateur nie.

1x2=(2)

9.2 PERSONE REGTENS BEVOEG OM 'N TESTAMENT OP TE STEL

- Alle persone van 16 jaar of ouer
- wat by hulle volle verstand is
- ? Persoon jonger as 16 jaar is regtens onbevoeg om ? testament te onderteken.
- Hierdie persoon se onbevoegdheid word nie opgehef deur ? huwelik of emansipasie nie.
- Wanneer ? persoon 16 jaar oud word, moet hy/sy die testament onderteken.
- ? Testateur/testatrise wat verstandelik nie in staat is om sy optrede te begryp nie is onbevoeg.
- Hierdie persone mag wel testeer tydens ? helder oomblik.

4x2=(8)

9.3 PERSONE WAT NIE DEUR 'N TESTAMENT BEVOORDEEL MAG WORD NIE

- ? Getuie van die testament en sy gade met wie hy getroud was gedurende die attesting en tekening van die testament
- ? Persoon wat deur die erfflater benoem is om namens hom te teken en sodanige persoon se gade
- Al die begunstigdes van die getuies en hul eggenote
- ? Moordenaar (bloedhand)

2x2=(4)

9.4 HERROEPING VAN 'N TESTAMENT

9.4.1 OMSKRYWING

- Om ? bestaande testament ongedaan te maak

1x2=(2)

9.4.2 **TWEE GEVALLE – NIE MAG HERROEP NIE**

- ? Langslewende van ? wederkerige testament
- Waar partye op huweliksvoorwaarde getroud is en ? opvolgingsbeding in die voorwaardes ingesluit is. 2x2=(4)

9.4.3 **METODES VAN HERROEPING**

- * Vernietiging van die bestaande testament, bv. verbrand of opseur van die testament
- * By wyse van die opstel van ? latere testament of kodisil 2x2=(4)

9.5

9.5.1	Testament / Erflater / Testateur	9.5.6	twee getuies	
9.5.2	Eksekuteursbrief	9.5.7	kodisil	
9.5.3	Meester	9.5.8	vrywillige	
9.5.4	herroep		eensydige	
9.5.5	14 jaar	9.5.9	bereddering	10x1=(10)

9.6 **FORMALITEITE BY DIE OPSTEL VAN TESTAMENTE**

- Die testament moet op skrif wees - dit kan met die hand geskryf, getik, of gedruk wees.
- Die testament moet aan die einde deur die testateur of testatrise geteken word.
- Indien die testateur/testatrise nie kan skryf nie, moet hul ? merk maak en die landdros moet dit sertifiseer.
- Die handtekening van die testateur/testatrise moet in die teenwoordigheid van twee getuies onderteken word.
- Die twee getuies moet die testament attesteer en onderteken.
- Die getuies teken in die teenwoordigheid van die testateur/testatrise en van mekaar.
- Elke afsonderlike bladsy van die testament moet onderteken word deur die testateur/testatrise en die twee getuies. (Hierdie wet is in 1994 gewysig). 3x2=(6)

9.7 **PLIGTE VAN DIE EKSEKUTEUR**

1. Die eksekuteur moet al die bates, boeke en dokumente van die oorledene in sy/haar bewaring neem.
2. Die eksekuteur stel ? inventaris op van alle bates en onderteken dit.
3. ? Bankrekening word geopen in die naam van die boedel.
4. In die Staatskoerant en een ander nuusblad word die skuldeisers aangesê om hul vorderings te lewer.
5. Die eksekuteur moet nou vasstel of die boedel solvent is of nie.
6. As die boedel insolvent is, moet hy/sy verslag doen aan die Meester.
7. Alle skuldeisers en erfgename word in kennis gestel dat die boedel insolvent is.
8. Indien die boedel solvent is, gaan die eksekuteur voort met die beplanning en verdeling van die boedel.
9. Die eksekuteur moet toesien dat die boedelgoedere tot geld gemaak word volgens opdrag van die testament. 4x2=(8)

TOTAAL: 300